

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2009(1)

MEMORANDUM

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

VRAAG 1**1.1**

Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is dat die saldo van die Krediteurekontrolerekening ooreen moet stem met die totaal van die Krediteurelys.

Goeie verduideliking = 2 punte; Swak verduideliking = 1 punt; Foutief = 0 punte ✓✓
 'n Swak verduideliking noem slegs 'n punt sonder 'n verduideliking van die punt
 'n Goeie verduideliking noem en verduidelik die punt

Vir twee punte:

- Die kontrolerekening is 'n opsomming van die krediteurelys en dus moet die twee ooreenstem; aldan nie, is daar 'n fout
- Om goeie interne beheer te fasiliteer waar een proses as 'n kontrole oor 'n ander dien (d.i. skeiding van pligte)
- Om seker te maak dat die inskrywings en oorboeking korrek gedoen is.
- Om enige weglatings, foute en/of bedrog op te spoor.
- Om die individuele rekeninge van die krediteure te kontroleer sodat korrekte betalings aan hulle gemaak word
- Om regte inligting te verseker voordat betaling aan krediteure gemaak word

Vir een punt:

- Om interne beheer te fasiliteer
- Om die individuele rekeninge van die krediteure te beheer
- Om die noukeurigheid te kontroleer
- Beide dieselfde inskrywings gemaak

2

1.2.1

Noem die regstellings wat die boekhouer in die Krediteurekontrole- rekening in die Algemene Grootboek moet maak. Die eerste een is vir jou as 'n voorbeeld gedoen. Indien geen inskrywing van toepassing is nie, moet jy 'GEEN INSKRYWING' skryf.

Die punt is toepasbaar met die syfer en die positiewe /negitiewe uitwerking. Aanvaar geen +teken is positief.

Saldo	R61 417
A	+ R3 400
B	+R7 200 ✓ – R7 200 ✓ OF Geen inskrywing OF 0 (2 punte)
C	+ R258✓
D	+ R563✓
E	- R8 350 ✓ – R8350 ✓ OR – R16 700 (2 marks)
F	Geen inskrywing✓
G	- R2 100✓
H	Geen inskrywing✓
I	+ R490✓
Finale saldo	R47 328✓

11

1.2.2 KREDITEURELYS OP 31 JULIE 2009

	Debiet	Krediet
Khan Handelaars (Dt 563 - 563) Blanko: geen punte behalwe as bewerkings getoon is		NIL or 0✓
Thankful Winkels -16 700 See 1.2.1 E (30 560 ✓ – [8 350 + 8 350] ✓ – 160 ✓)	*Gaan bewerkings na Indien een deel korrek is maar aansuiwering gedoen	13 700✓
Connel Bpk (10 890 ✓ + 3 400 ✓ + 7 200 ✓ + 258 ✓)		21 748 ✓*
Yolisa Grootthandelaars (18 500 ✓ – 7 200 ✓ + 90 ✓ + 490 ✓)		11 880✓
		47 328 ✓

16

1.3**Verskaf DRIE punte vir goeie interne beheer oor krediteure.**Enige drie geldige en aparte punte ✓✓ ✓✓ ✓✓**Let op na alternatiewe bewoording wat dieselfde punt toon (herhaal)****Let op na twee aparte punte in dieselfde sin**

Verwasgte antwoord vir 2 punte:

- Assesseer die bekwaamheid van die krediteure-klerk om foute te vermy
- Verseker dat krediteure betyds betaal word om van kortings gebruik te maak
- Maak volle gebruik van krediet terme om die kontantvloeï te ondersteun
- Verdeel pligte tussen lede van die rekeningkunde departement sodat een persoon as 'n kontroleerder van 'n ander kan optree
- Versoen die saldo van die krediteurekontrolerekening met die totaal van die krediteurelys om noukeurigheid op 'n maandelikse basis te verseker
- Die rekeningstate van individuele krediteure moet met hulle rekeninge in die krediteuregrootboek versoen word (ooreenstem)
- Onderneem interne oudits om die moontlikheid van bedrog of foute te verminder / Kontroleer dokumente (bv. fakture en kredietnotas) om noukeurigheid van berekeninge en inskrywings te verseker
- Verseker dat goedere wat van krediteure bestel word, reg ontvang word (hoeveelheid, toestand, prys)
- Verseker dat alle aankope korrek gemagtig is (dws aankoop beleid)

6

**TOTALE
PUNTE****35**

VRAAG 2

- 2.1 Alhoewel hierdie besigheid goed gevaar het, oorweeg Dawid om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE punte wat hy behoort te oorweeg voordat hy 'n finale besluit neem.**

Enige twee geldige en aparte punte, bv. ✓✓

Let op na alternatiewe bewoording wat dieselfde punt toon (herhaal)

Let op na twee aparte punte in dieselfde sin

- Sokker Wêreldbeker sal binnekort in SA wees – die besigheid se goedere sal relevant wees - hou die besigheid in bedryf tot dan (goeie geleentheid vir wins)
- Finansiële implikasies vir die onderneming, toekomstige geleenthede
- Implikasies vir personeel-afbetaling
- Eiendomspryse is laag en dit is die regte tyd om te belê / eiendomspryse word verwag om in die toekoms te styg
- Eiendom kan verhuur word gedurende die wêreldbeker en in die toekoms is inkomste uit die eiendom verseker
- Of hy 'n goeie en billike waarde vir die besigheid sal ontvang

4

- 2.2 Bereken die aantal sokkerballe wat gesteel is.**

$$1\,200 \checkmark + 3\,400 \checkmark - 3\,500 \checkmark - 900 \checkmark = 200 \checkmark$$

5

- 2.3 Bereken die eindvoorraadwaarde van sokkerballe deur van die gewoegdegemiddelde-metode te gebruik:**

$$\begin{array}{cccccc} \checkmark & & \checkmark & & \checkmark & & \checkmark & & \checkmark & & \checkmark \\ (144\,000 + 502\,000 + 30\,200) / 4\,600 \times 900 = R132\,000 \end{array}$$

Bereken die eindvoorraadwaarde van sokkertruie deur die EIEU-metode te gebruik:

$$\begin{array}{cccccc} \checkmark & & \checkmark & & \checkmark & & \checkmark & & \checkmark \\ (100 \times R300) + (150 \times R255) = R68\,250 \\ R30\,000 & & & & R38\,250 & & & & \end{array}$$

11

2.4 Bereken die volgende vir sokkertruie (Jy mag 'n Handelsrekening voorberei om hierdie syfers te bereken):**Bereken koste van verkope:**

$$\begin{array}{ccccccc}
 & \checkmark & & \checkmark & & \text{Sien 2.3} & \text{Gaan bewerking na, ten minste een gedeelte moet reg wees} \\
 & & & & & \checkmark & \checkmark \\
 166\,400 + 602\,000 - 68\,250 & = & 700\,150
 \end{array}$$

OF

$$\begin{array}{l}
 \text{1 akkuraatheidspunt} \quad [\quad \text{1 akkuraatheidspunt en 1 metode punt} \quad] \quad \text{1 metode punt} \\
 R166\,400 + [R80\,000 + R135\,000 + R318\,750] = R700\,150 \\
 (520 \times R320) + [(400 \times R200) + (600 \times R225) + (1\,250 \times R250)] = R700\,150 \\
 \text{Kyk uit vir ander moontlike variasies}
 \end{array}$$

Bereken winsopslag % op koste:

$$= \frac{(1\,108\,000 \checkmark - 700\,150 \checkmark)}{700\,150 \checkmark} \times \frac{100}{1}$$

Sien bo
Sien bo

OF

$$\frac{407\,850}{700\,150} \times \frac{100}{1}$$

1 akkuraatheidspunt en 1 metode punt

$$= 58,3\% \checkmark \checkmark$$

Aanvaar 58,2 of 58,25
Gaan bewerking na, ten minste een deel moet korrek wees

Bereken voorraadomsetsnelheid:

$$= \frac{700\,150 \checkmark}{(68\,250 \checkmark + 166\,400 \checkmark) / 2}$$

Sien KVV bo
Sien 2.3

$$= \frac{700\,150}{117\,325}$$

$$= 5,97 \text{ keer } \checkmark \checkmark$$

Aanvaar 6 keer
Gaan bewerking na, ten minste een gedeelte moet reg wees

2.5 Indien Dawid besluit om met hierdie besigheid voort te gaan, watter raad sal jy aan hom gee? Noem TWEE punte en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun.

Goeie raad = 2 punte; Bevredigende advies = 1 punt; Foutief = 0 punte
Toepaslike finansiële aanwysers/syfers = 1 punt elk

Enige twee geldige en aparte punte:

Punt 1: raad ✓✓ aanwyser ✓

Punt 2: raad ✓✓ aanwyser ✓

Let op na alternatiewe bewoording wat dieselfde punt toon (herhaal)

Let op na twee aparte punte in dieselfde sin

Twee punte vir raad + een punt vir syfer

- Implimenteer strenger beheermaatreëls oor sokkerballe – 200 balle is gesteel.
- Adverteer om die vraag na balle te verhoog sodat die omsetsnelheid kan verhoog (3.9 keer) vergelyk met truie (6 keer)
- Verkoop slegs truie want die winsopslag is hoër (58,25% in vergelyking met 48,5%) en die omsetsnelheid is beter (6 keer in vergelyking met 3,9 keer)
- Die besigheid dra baie voorraad, veral sokkerballe – 900 voorhande aan die einde van die jaar.
- Die sokkerballe moet vinniger verkoop word – omsetsnelheid is 3,9 keer per jaar.
- Oorweeg om 'n ander verskaffer te kry / dit in te voer want die prys het met 50% van R120 tot R180 gestyg (of met 22,5% van R120 tot R147)
- Oorweeg om die winsopslag % te verander (vermeerder/verminder) op die sokkerballe van 58,3% om hoër verkope te verseker – gedurende die sokker wêreldbeker sal klante hoër pryse betaal
- Oorweeg 'n ander afleweringdiens om vraggeld van R8,88 per bal (R30 200 / 3 400 balle) te verminder

Een punt vir advies + een punt vir syfer

- Adverteer om verkope van balle te verhoog R1 120 000
- Verkoopprys van R320 moet verander indien koste verhoog. (hierdie advies is slegs een punt werd, syfer een punt)
- Oorweeg om sokkerballe in te voer indien dit van 'n beter gehalte is (geen punt vir finansiële aanwyser in hierdie geval).

6

TOTALE PUNTE
40

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 3**PRODUKSIEKOSTESTAAT****3.1.1 BAKONA ASBLIK VERVAARDIGERS
NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

	DIREKTE MATERIALE KOSTE/ GRONDSTOFKOSTE	R
	Beginvoorraad	✓ 57 900
	Aankope (1 622 700 ✓ – 23 100 ✓)	1 599 600
	Vraggeld op aankope	✓ 28 800
		1 686 300
	Eindvoorraad	✓ (34 200)
	Gaan bewerking na, eindvoorraad moet afgetrek wees	✓☑ 1 652 100

7

	DIREKTE ARBEIDSKOSTE	R
	Fabriekslone 1 152 000 + 288 000 Geen deelpunt nie Geen deelpunt nie (12 x R60 x R1 600) ✓✓ + (12 x 240 x R100) ✓✓ Basiese loon en oortyd kan op twee aparte reëls getoon word	1 440 000
	WVF bydraes (can ook in die lone lyn ingesluit word)	✓ 11 520
		✓☑ 1 451 520

7

	FABRIEKSBOKOSTE	R
	Indirekte materiale (8 100 ✓ + 125 900 ✓ – 7 400 ✓)	✓ 126 600
	Indirekte arbeid (241 000 ✓ + 2 410 ✓) mag afsonderlik getoon word	243 410
	Fabrieksonderhoud	✓ 85 000
	Huur uitgawe (133 000 x ½) Geen deelpunte	✓✓✓ 66 500
	Water-en-elektrisiteit (36 000 x 60%) Geen deelpunte	✓✓ 21 600
	Waardevermindering	✓ 52 000
	Diverse uitgawe	✓ 25 000
		✓☑ 620 110

16

Vreemde items (bv Advertensies) -1 in elke nota (maks -3 in totaal)

3.1.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT VAN BAKONA ASBLIK VERVAARDIGERS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2009

		TOTAAL
Direkte materiaalkoste/Grondstofkoste #Sien 3.1.1	☒ #	1 652 100
Direkte arbeidskoste ✓ Besonderhede Sien 3.1.1	☒	1 451 520
Direkte/Primêre koste Kontroleer bewerking	☒	3 103 620
Fabrieksbokoste ✓ Besonderhede Sien 3.1.1	☒	620 110
Totale koste van produksie Kontroleer bewerking	☒	3 723 730
Goedere-in-bewerking op 1 Maart 2008 R169 500 moet +ief wees	✓	169 500
		3 893 230
Goedere-in-bewerking op 28 Februarie 2009 R120 600 moet -ief wees	✓	(120 600)
Koste van produksie van voltooide goedere kontroleer bewerking	☒	3 772 630

10

3.1.3

Bereken die eenheidskoste van produksie per voltooide plastiek-asblik.

$\frac{3\,772\,630}{58\,000} = R65,05$
☒ Sien 3.1.2 moet die noemer wees
☒ moet die deler wees
☒ kontroleer bewerking, een gedeelte korrek

3

3.2 Koel Vervaardigers

3.2.1

Een voorbeeld van 'n vaste koste:

Enige een geldige voorbeeld, bv. ✓
 Huur uitgawe, Salarisse, Indirekte lone, Rente, ens
 (Aanvaar enige Administratiewe koste en Fabrieksbokoste of enige deel daarvan, as gevolg van veronderstellings in vorige vraestelle)

Een voorbeeld van 'n veranderlike koste:

Enige een geldige voorbeeld, bv. ✓
 Grondstowwe/Direkte materiaal, Direkte arbeid/ Direkte lone, Advertensies, Verkoops- en distribusiekoste, Kommissie op verkope

2

3.2.2

Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelyksbreekpunt vir 'n besigheid voor die begin van 'n finansiële jaar te bereken.

Goeie verduideliking = 2 punte; Bevredigend = 1 punt; Foutief = 0 punte ✓✓

Twee punte

- Sodat enige potensiele probleme van lae produksie vooruit geskat kan word
- Om regstellende aksies vroegtydig te begin voordat verliese gelei word.
- Geen wins word gemaak totdat gelyksbreekpunt bereik is nie.
- Bepaal die minimum getal eenhede wat produseer moet word om verliese te voorkom
- Om genoeg produkte te produseer om die produksievlak te stel sodat alle kostes gedek kan word
- Om te identifiseer of effektiwiteit verbeter moet word om die regte aantal eenhede te produseer
- Om inligting te voorsien om die begroting op te stel sodat winste verseker kan word

Een punt

- Om genoeg produkte te produseer
- Voorkom lae wins/ voorkom verlies
- Verbeter effektiwiteit
- Om 'n begroting op te stel

2

3.2.3

Bereken die gelyksbreekpunt.

$$\begin{array}{ccc} \checkmark\checkmark & \checkmark\checkmark & \boxed{\checkmark} \text{ een deel korrek} \\ \text{GBP} = \text{R}210\,000 & / \text{R}15 & = 14\,000 \text{ eenhede} \\ \text{Moet die noemer wees} & \text{Moet die deler wees} & \end{array}$$

$$\text{OF } \text{R}210\,000 / [\text{R}40 - (\text{R}300\,000 / 12\,000)] = 14\,000 \text{ eenhede}$$

$$\text{Laat GBP} = x; \text{ Dan } 15x - 210\,000 = 0; \text{ en } x = 14\,000 \text{ eenhede}$$

5

3.2.4

Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 3.2.3. Watter raad sal jy aan Koel Vervaardigers gee? Verduidelik kortliks.

Gee krediet indien antwoorde op foutiewe berekening hierbo gebaseer is.

Kommentaar: Vergelyk GBP met die 12 000 eenhede geproduseer ✓

Bv. Die besigheid produseer nie genoeg eenhede nie – hulle is onder die GBP wat beteken dat die besigheid 'n verlies sal lei.

Raad: Verduideliking = 2 punte; punt voorsien sonder verduideliking = 1 punt;

Foutief = 0 punte

Twee punte ✓✓

- Kyk na maniere om kostes te verminder so dat die GBP verminder
- Vind 'n goedkoper verskaffer van grondstowwe om eenheidskoste te verminder
- Verminder oortyd om arbeidskoste te verminder
- Lei direkte werkers op om meer effektief te werk om produktiwiteit te vermeerder
- Verminder vermorsing van grondstowwe om eenheidskoste te verminder
- Verhoog verkoopsprys tensy dit nie tot 'n afname in verkoopsvolumes lei nie
- Spandeer meer op advertensies om verkope te vermeerder

Een punt

- Verhoog verkoopsprys
- Adverteer
- Verander verskaffer van grondstowwe
- Verhoog produksie

3

TOTALE

55

VRAAG 4**4.1.1 Bereken die wins of verlies op die verkoop van die rekenaar:**

$$\begin{array}{ccccccc} \checkmark & & \checkmark & & \checkmark\checkmark\checkmark & & \checkmark & & \checkmark\checkmark \\ 22\ 000 & - & 5\ 500 & - & 1\ 650 & - & 800 & = & R14\ 050 \end{array}$$

OF

$$\begin{array}{ccccccc} \checkmark & & \checkmark & & \checkmark\checkmark\checkmark & & \checkmark & & \checkmark\checkmark \\ 22\ 000 & - & (5\ 500 + & 1\ 650) & - & 800 & = & R14\ 050 \end{array}$$

OF

Kosprys	22 000	✓
Opgehoopte waardevermindering (5 500 ✓ + 1 650 ✓✓✓)	7 150	
Drawaarde	<u>14 850</u>	
Verkope/Bank	<u>800</u>	✓
Verlies op verkoop van bate	<u><u>14 050</u></u>	✓✓

Bate verkope

<i>Toerusting</i>	22 000	<i>Opgeh. Waardop Toerusting</i>	7 150
		(5 500 ✓ + 1 650 ✓✓✓)	
<i>Ignoreer besonderhede</i>		Bank	✓ 800
		Verlies op verkoop van bate	✓✓ 14 050
	<u>22 000</u>		<u>22 000</u>

4.1.2 SIMPHIWE BPK INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2009

	Verkope (2 720 000 ✓ - 6 200 ✓ - 9 600 ✓)	✓	2 704 200
	Koste van Verkope (1 310 000 ✓ – 6 400 ✓)		(1 303 600)
8	Bruto Wins Kontroleer bewerking KVV moet afgetrek word	☑	1 400 600
	Ander bedryfsinkomste Kontroleer bewerking	☑	157 180
	Fooi inkomste (104 750 ✓ – 750 ✓)	✓	104 000
	Huur Inkomste (56 000 ✓ – 8 000 ✓)	✓	48 000
	Oninbare skulde verhaal	✓✓	580
12	Handelsvoorraad surplus (490 000 – [479 000 + 6 400])	☑✓✓	4 600
	Bruto bedryfsinkomste		1 557 780
	Bedryfsuitgawes Kontroleer bewerking	☑	(1 331 350)
	Salarisse en lone	✓	162 000
	Korting toegestaan	✓	905
	Versekering	✓	11 000
	Diverse uitgawes (39 250 ✓ – 3 200 ✓)	✓	36 050
	Direkteursfooie (390 000 ✓ + 390 000 ✓ + 195 000 ✓)	✓	975 000
	Ouditfooie	✓	53 705
	Verbruiksgoedere	✓	24 000
	Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering	✓✓	390
	Waardevermindering (1 650 ☑ + 16 800 ✓✓ + 35 800 ✓✓) Sien 4.1.1	☑	54 250
22	Verlies op verkoop van bate Sien 4.1.1	☑	14 050
	Bedryfswins		226 430
	Rente Inkomste	✓	2 500
	Wins voor rente uitgawe /finansieringskoste		228 930
	Rente uitgawe / Finansieringskoste	✓✓	(18 000)
	Wins voor belasting		210 930
	Inkomstebelasting	✓	(63 280)
5	Netto wins na belasting Kontroleer bewerking, belasting en rente uitgawe moet afgetrek word	☑	147 650

Vreemde items -1 each (maks -2)

4.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is dat die onafhanklike ouditeur 'n lid van 'n professionele liggaam moet wees.*Enige een geldige rede, bv. ✓✓**Kan deelpunte vir gedeeltelike, onduidelik of onvoltooide antwoorde toeken*

- Sodat lesers van die finansiële state vertroue in sy mening kan hê
- Versekering dat hy/sy goed opgelei is op 'n aaneenlopende basis
- Dissiplinêre aksies indien nalatig is in die uitvoering van pligte
- Bewus van nuutste neigings bv. IFRS, Maatskappye Wet, King Kode
- Etiese optrede (integriteit, neem etiese gedragskode waar)
- 'n Hoogtemerk verseker die gehalte van die werk

2

4.2.2 Verwys na die onderstreepte sin in paragraaf 1. Waarom sluit die ouditeure hierdie sin by die verslag in? Verduidelik kortliks.*Enige een geldige rede, bv. ✓✓**Kan deelpunte vir gedeeltelike, onduidelik of onvoltooide antwoorde toeken*

- Die ouditeur spreek 'n mening uit, hy berei nie finansiële state voor nie.
- Indien die ouditeur enige iets te doen het met die opstel van die finansiële state, sal hy nie 'n mening kan uitspreek nie (konflik van belange, hy sal bevooroordeel wees).
- Die ouditeur kontroleer slegs op 'n toetsbasis. Die direkteure is verantwoordelik vir die syfers.
- Die direkteure werk in die maatskappy op 'n daaglikse basis – hulle moet verantwoordelik gehou word vir foute of bedrog.
- Direkteure kan nie hul verantwoordelikheid om die finansiële state op te stel deleger nie

2

4.2.3 Verwys na die onderstreepte woorde in paragraaf 2.**(a) Gee EEN voorbeeld van 'bewyse' wat 'n ouditeur sal gebruik.**

✓✓ Enige geldige bewyse van inskrywings in die boeke of waardes in die finansiële state in verband met kontant, vaste bates, lenings, voorraad bv. bankstate, voorraadtellingskaarte, fakture (brondokument en ondersteunende dokumente), vaste bate register, ens.

(b) Gee EEN voorbeeld van die 'rekeningkunde beginsels' wat hy/sy as deel van die audit sal assesseer. Verduidelik waarom die ouditeur hierdie beginsel sal ondersoek.

Een beginsel voorsien ✓ e.g.	Verduideliking van rede ✓✓ e.g.
Voorraadwaardasie metode	Kan tot verskille in winste lei
Waardasie van vaste bates (Historiese koste & waardevermindering)	Kan tot verskille in winste lei of NBW
Paringsbeginsel	Om te verseker dat inkomstes en uitgawes teen die korrekte periode getoon word
Wesenlikheid	Uitslae moet konserwatief gerapporteer word
Lopende saak beginsel	Affekteer waardasie van bates

Enige ander geldige beginsels en redes aanvaarbaar. Aanvaar deursigtigheid al is dit 'n King Kode beginsel.

5

4.2.4 Verwys na paragraaf 3. Verduidelik waarom jy met hierdie auditmening tevrede sal wees.

Enige geldige antwoord ✓✓

Deelpunte mag toegeken word indien onduidelik of onvoltooide antwoord

Moontlike antwoorde, b.v.

- Die ouditeure spreek hulle tevredenheid uit met alle aspekte van die finansiële rapportering van die besigheid
- Dit is 'n standaardverslag – kan nie beter verwag nie. (wesentliche opsigte)
- Geen negatiewe kommentaar gerapporteer nie – indien die ouditeur ongelukkig is oor enige aspek sou hy dit hier genoem het.
- Stem ooreen met IFRS en Maatskappy Wet
- Die ouditeure het nie gesê dat die verslag gekwalifiseer of teruggehou is nie.

2

4.2.5 Verwys na die verkope van die rekenaar vir R800 in Inligting 2J van VRAAG 4.1. 'n Ander direkteur, Sam Smit, het gekla dat Ivor Steele oneties opgetree het toe hy die rekenaar vir R800 oorgeneem het. Ivor verskil hiervan.**(a) Gee een mening om Sam te ondersteun.**

Enige een geldige mening. ✓✓

Deelpunte mag toegeken word indien onduidelik of onvoltooide antwoord

- Ivor word bevoordeel met 'n baie lae prys op 'n bate wat baie meer werd is en die maatskappy (en dus die aandeelhouders) word benadeel as gevolg van hierdie transaksie. ('n groot verlies is met die bate verkope gemaak.)
- Dit skep 'n slegte presedent vir die maatskappy (misbruik van sy posisie as direkteur), ander werkers mag voel dat hulle geregtig is tot soortgelyke byvoordele.
- Die direkteur is nie die eienaars van die maatskappy nie, die aandeelhouders is die eienaars van die maatskappy.
- Daar is ook belasting implikasies – die direkteur behoort belasting op hierdie byvoordeel te betaal.
- Die transaksie is nie deursigtig nie – geen bespreking / verklaring voor die verkope.
- Bate kon nog in die maatskappy gebruik word, die direkteur het geen reg om dit oor te neem nie.

(b) Gee een mening om Ivor te ondersteun.

Enige een geldige mening. ✓✓

Deelpunte mag toegeken word indien onduidelik of onvoltooide antwoord

- Die rekenaar is alreeds meer as drie jaar oud, en rekenaars het 'n relatiewe kort lewensduur.
- Die rekenaar is verouderd; dit kan nie opgegradeer word nie
- Die waardevermindering teen 10% op kosprys vir rekenaars is onrealisties, en behoort dus 'n laer drawaarde te hê.

LW: Moet nie aanvaar dat direkteure eienaars is nie.

4

**TOTALE
PUNTE**

70

VRAAG 5

5.1.1	Versoening van wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenerer	
	Netto wins voor belasting	844 300
	Aansuiwerings as gevolg van	
	Waardevermindering	33 500
	Rente op geleende fondse	164 450
	Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	1 042 250
	Veranderinge in bedryfskapitaal Kontroleer bewerking	☒ (135 530)
	Voorraad	Syfer ✓ (141 000) Inspeksie ✓
	Debiteure	Syfer ✓ 16 000 Inspeksie ✓
	Krediteure	Syfer ✓ (10 530) Inspeksie ✓
	Kontant uit bedrywighede gegenerer Kontroleer bewerking	☒ 906 720

5.1.2 MANCHESTER BEPERK**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2009**

KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE		Kontroleer bewerking	☑	337 165												
Kontant deur bedrywighede gegenereer		Sien 5.1.1	☑	906 720												
Rente betaal		Syfer moet korrek en uitvloei wees	✓	(164 450)												
Dividende betaal Merk die volle ry of die T rekening 52 525 ✓ + 217 480 ✓ – 133 440 ✓ OF -52 525 – 217 480 + 133 440 OF 52 525 1 punte + 84 040 2 punte		Indien een deel korrek & uitvloei	☑	(136 565)												
Belasting betaal Merk die volle ry of die T rekening 7 750 ✓ + 253 290 ✓ + 7 500 ✓ OF -7 750 – 253 290 – 7 500		Indien een deel korrek & uitvloei	☑	(268 540)												
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		Kontroleer bewerking, syfer moet korrekte vloei toon	☑	(506 885)												
Aankoop van vaste bates Merk die volle ry of die T rekening (Sien onderstaande) (3 440 885 ✓ – [2 967 500 ✓ – 100 000 ✓ – 33 500 ✓]) Of 3 440 885 ✓ – 2 967 500 ✓ + 100 000 ✓ + 33 500 ✓) OR -3440 885 + 2 967 500 – 100 000 – 33 500		Indien een deel korrek & -ief	☑	(606 885)												
Opbrengs van verkoop van vaste bates			✓	100 000												
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE		Kontroleer bewerking	☑	78 470												
Opbrengs uit aandele uitgereik 1 034 500 ✓✓ + 268 970 ✓ OF 2 085 000 (1 punt) – 1 050 500 (1 punt) + 268 970 (1 punt) OF 2 353 970 (2 punte) – 1 050 000 (1 punt)			✓	1 303 470												
Terugbetaling van langtermynlenings		Syfer ✓ Uitvloei ✓	✓✓	(1 225 000)												
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente		Kontroleer bewerking Moet nie 46 250 of 47 500 of 1 250 aanvaar nie	☑	(91 250)												
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		Moet +tief wees	✓	45 000												
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		Moet–tief wees	✓	(46 250)												
<table><tr><td colspan="2">Vaste bates - T-rekening</td><td></td></tr><tr><td>2 967 500</td><td>100 000</td><td></td></tr><tr><td>606 885</td><td>33 500</td><td></td></tr><tr><td></td><td>3 440 885</td><td></td></tr></table>					Vaste bates - T-rekening			2 967 500	100 000		606 885	33 500			3 440 885	
Vaste bates - T-rekening																
2 967 500	100 000															
606 885	33 500															
	3 440 885															
28																

5.2 Bereken die volgende vir 2009:

5.2.1	Bedryfsverhouding $\checkmark$ $\checkmark$ ☒ korrekte metode & een deel korrek $320\,000 : 390\,885 = 0,8 : 1$ (aanvaar 0,82 : 1) Moet in die regte orde wees en in die formaat van x : 1	3
5.2.2	Vuurproefverhouding $\checkmark\checkmark$ $\checkmark$ ☒ korrekte metode & een deel korrek $68\,750 : 390\,885 = 0,2 : 1$ (Aanvaar 0,18 or 1) Moet in die regte orde wees en in die formaat van x : 1	4
5.2.3	Netto batewaarde per aandeel $\checkmark$ $\checkmark\checkmark$ ☒ korrekte metode & een deel korrek $R3\,120\,000 / 417\,000 \text{ aandeel} = 748,2 \text{ sent of } R7,48$ Moet in die korrekte orde en in sente of R wees	4
5.2.4	Skuld/Ekwiteitsverhouding (Hefboomverhouding) $\checkmark$ $\checkmark$ ☒ korrekte metode & een deel korrek $300\,000 : 3\,120\,000 = 0,1 : 1 \text{ or } 0,096 : 1$ Moet in die regte orde wees en in die formaat van x : 1	3

5.3 Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die langtermynlening noemenswaardig te verminder gedurende die huidige finansiële jaar. Was dit, na jou mening, 'n wyse besluit? Verduidelik, deur bewyse (syfers/finansiële aanwysers) uit die vraag aan te haal.

Onthou dat kanidiate kan verskillende strukture kan gebruik om vraag te beantwoord. Die volgende komponente moet gedek word.

Verduideliking van direkteurs se besluit: $\checkmark\checkmark$

Mag deelpunte toeken vir onduidelike of onvolledige antwoord

Enige een rede:

- Die verkoop van addisionele aandeel het die invloei van kontant tot gevolg.
- In die vorige jaar was die OTKA (10%) laer as die rentekoers (15%)
- In die vorige jaar het die maatskappy 'n baie hoë skuld:ekwiteitsverhouding gehad (> 1:1)

Mening: Ja of Nee $\checkmark$

Verduideliking $\checkmark\checkmark$ Bewyse $\checkmark$

Mag deelpunte toeken vir onduidelike of onvolledige antwoord

Enige een verduideliking vir ja:

- Die skuld:ekwiteitsverhouding is nou baie laag (0,1:1) wat 'n lae risiko situasie toon
- Die besparing op rente het die winste verhoog soos aangedui deur die VPA van 135c tot 189c gestyg of OTKA van 21% tot 26%
- Die maatskappy is nou positief gerat met OTKA van 24% wat baie hoër is as die rentekoers

Enige een verduideliking vir nee:

- Die direkteure het oorreegeer want die bewyse is dat hulle nou meer lenings moet uitneem (OTKA van 24% oorskry rente) en skuld:ekwiteitsverhoudings van 0,1:1 is laag, toon lae risiko
- Die korttermyn likiditeit is nou 'n probleem want die vuurproefverhouding is nou 0,2:1 en die bedryfsverhouding is 0,8:1
- Die netto verandering in kontant was 'n negatiewe bedrag van R91 250 wat 'n korttermyn likiditeit probleem veroorsaak.

6

5.4 Lewer kommentaar oor die opbrengs op die aandeelhouersekuiteit, verdienstes en dividende deur die aandeelhouders verdien. Haal bewyse (syfers/finansiële aanwysers) uit die vraag aan.

Opbrengs op aandeelhouersekuiteit

Haal finansiële aanwyser aan ✓	Enige geldige spesifieke kommentaar wat na die aanwyser verwys, bv. ✓
OOAE het vermeerder van 21% tot 26% OF: OOAE is nou 26% OF: OOAE het met 5% punt vermeerder OF: OOAE het met 23,8% vermeerder	Dit oorskry nou die opbrengs op alternatiewe beleggings

Verdienste

Haal finansiële aanwyser aan ✓	Enige geldige spesifieke kommentaar wat na die aanwyser verwys, bv. ✓
Verdienste per aandeel verbeter van 135c tot 189c per aandeel OF: VPA is nou 189c OF VPA het met 54c of 40% vermeerder	Dit vergelyk goed met die waarde van die aandele

Dividende

Haal finansiële aanwyser aan ✓	Enige geldige spesifieke kommentaar wat na die aanwyser verwys, bv. ✓
Dividende het afgeneem vanaf 105 sent tot 72 sente OF DPA is nou 72 sente OFDPA het met 33c of 31,4% gedaal	Die maatskappy behou meer van sy winste OF Dit verhoog die NBW OF Die dividende uitbetalingskoers het na minder as 50% van die wins verlaag OF: Verbeter die infrastruktuur van die maatskappy

6

5.5 Bereken die premie waarteen die nuwe aandele uitgereik is.

Aantal aandele uitgereik = $(2\,085\,000 - 1\,050\,500) / R5 = 206\,900$ aandele

268 970 ✓✓ / 206 900 ✓✓

= 130 sente / R1,30 ☒ Indien enige een deel korrek moet in sente of Rand wees

5

5.6

Die bestaande aandeelhouders is ongelukkig oor die prys waarteen die addisionele aandele verkoop is. Bespreek, deur EEN syfer of finansiële aanwyser aan te haal om jou antwoord te ondersteun.

Aanhaal van syfer / finansiële aanwyser ✓

Kommentaar ✓✓ Deelpunte kan toegeken word vir onduidelike, gedeeltelike of onvolledige kommentaar

Verwagte antwoord:

- Die aandele is uitgereik teen 'n prys van R6,30 wat laer is as die NBW (R6,87 of R7,48) wat beteken dat die bestaande aandeelhouders benadeel word.
- Die aandele is uitgereik teen 'n prys van R6,30 wat laer is as die markprys (R6,80 tot R7,80) wat beteken dat die bestaande aandeelhouders benadeel word.

3

TOTALE PUNTE
70

VRAAG 6**6.1 DEBITEURE-INVORDINGSKEDULE VAN AFRIKA KERAMIEK VIR DIE PERIODE GEËINDIG 30 DESEMBER 2009**

Maand	Krediet verkope R	DEBITEURE-INVORDERING		
		Oktober 2009 R	November 2009 R	Desember 2009 R
Augustus	360 000	64 800		
September	540 000	270 000	✓✓97 200	
Oktober	450 000	129 600	✓✓225 000	✓✓81 000
November	420 000		✓✓120 960	✓✓210 000
Desember	420 000			# ☒ 120 960 #Sien Nov bo
TOTALE		464 400	☒ 443 160 Bewerking	☒ 411 960 Bewerking

13

6.2 Vergelyk die begrote syfers met die werklike syfers vir Oktober om kommentaar op elk van die volgende te lewer. Noem TWEE punte in elke geval.

Enige twee afsonderlike geldige punte in elke geval

Een punt elk, Syfers hoef nie aangehaal te wees nie

Verwagte antwoorde, bv.

Advertensies

Kandidate moet advertensies met die verkope vergelyk ✓

- Dit het tot 'n toename in verkope van R72 000 gelei
- Verkope styg slegs met 12%
- Verkope vermeerder met R72 000 (kredietverkope op met R152 000, kontantverkope af met R80 000)

Een ander faktor: ✓

- Oorspandeer / onderbegroot met R10 000 (ondersoek rede)
- Oorspandeer met 66% / onderbegroot met 66% (ondersoek rede)
- Hulle het 'n ander strategie gebruik bv. adverteer op televisie in plaas van pers

Herstelwerk & instandhouding Enige twee geldige kommentaar

- Onder spandeer / oorbegroot met R12 700
- Moet oorweeg of dit wys is – vaste bates moet nie afgeskeep word nie want hulle genereer inkomste vir die besigheid en nalating van herstelwerk sal tot meer uitgawes in die toekoms lei
- Herstelwerk & instandhouding is goed beheer / goeie gebruik van toerusting daarom het hulle onder spandeer

Afleweringssuitgawes - kandidate moet die oorspandering met die verkope vergelyk

Kandidate moet die afleweringssuitgawes met die verkope vergelyk

- Stem nie ooreen met verkope wat met 12% vermeerder het nie terwyl afleweringssuitgawes met 110% gestyg
- Oorspandeer met R22 000 het tot 'n toename van R72 000 in verkope gelei

Een ander faktor: ✓

- Oorspandeer of onderbegroot met R22 000. Hulle het meer as dubbel die begrote bedrag spandeer
- Ondersoek moontlike misbruik / tekort aan kontrole / swak strategieë (bv uitkontraktering mag te duur wees)
- Swak onderhoud van voertuie het tot hoë brandstof uitgawes gelei

6

6.3 Joe is in sy skik dat die aantal klante toegeneem het. Jy stem nie saam dat hierdie toename in klante goed is nie.

Enige geldige verduidelikings met betrekking tot aantal klante gebasseer op inligting van die vraag, bv.

	(a) Omskrywing van probleem, aanhaling van syfers:	(b) Raad:
1	Beskryf probleem ✓ Haal syfers aan ✓ Kredietverkope was R152 000 meer as verwag, terwyl kontantverkope R80 000 minder was as wat verwag is. (Dit skep 'n kontantvloei probleem.)	Kommentaar (deelpunte moontlik): ✓✓ Bied meer gunstige kortings aan klante wat vir kontant koop.
2	Beskryf probleem ✓ Haal syfers aan ✓ Invorderings van debiteure was R225 812 minder as begroot. Dit word verwag dat oninbare skuld sal toeneem (2%) or ekstra administrasie-koste.	Kommentaar ✓✓ Assesseer debiteure meer sorgvuldig om kredietwaardigheid te bepaal. OF Pas meer streng kredietterme toe voor rekeninge vir debiteure geopen word. OF Volg elke debiteur op deur middel van state, telefoon-oproepe of deur rente te belas. OF Debiteure moet aangemoedig word om vinniger te betaal – staan korting toe of hef rente op agterstallige rekeninge

8

6.4 Deur na die Kontantbegroting in Inligting 3 te kyk en deur aan te neem dat alle ander items in ooreenstemming met die begroting is, sal jy verwag dat die banksaldo aan die einde van Oktober gunstig of ongunstig sal wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.**Gunstige of ongunstige saldo?**

Ongunstig ✓

Rede: ✓✓

- Debiteure-invorderings is swak
- Kontantverkope is ver onder die begrote bedrag
- Kontant aankope van handelsvoorraad het toegeneem
- Kontantaankope is meer as kontantverkope en kontant van debiteure ontvang.

Aanvaar ook:

- Oor die algemeen is die afwyking van die syfers verskaf negatief
- Afleweringsuitgawes
- Advertensies

3

**TOTALE
PUNTE**

30

TOTAAL: 300